

# Sakkie Parsons E-Pos Bediening

E-pos: [sparsons@absamail.co.za](mailto:sparsons@absamail.co.za)

Sel: 082 -568 2704/Tel: 012 543 3669

## AAN DIE ANDER KANT DIE VOORSPOEDTEOLOGIE DAREM NET TE AANLOKLIK

### 1 Petrus 3:14

As aan al die Christene in die wêreld gevra sou word wie bereid is om vir Christus te ly – natuurlik met die belofte dat dit groot geluk sal bring – sou bitter min die preek waardeur het. Om uit jou gemaksonde te tree, om te offer, om alles op die altaar te lê, dit sing en bely ons, ja, maar by die doen kom ons selde uit. Aan die eenkant is ons skuldig daaraan dat ons 'n geslag mense grootgemaak het wat nie weet wat dit is om vir Hom te ly nie. Aan die ander kant klink die voorspoedteologie darem net te aanloklik. Ons word immers geleer dat ons Koningskinders is - versorg, genees, ryk en vooruitstrewend. Maar dan vergeet ons so maklik dat die Koning waarvan ons soms so entoesiasies getuig, in die eerste plek 'n Diensknecht was. Ons vergeet dat Hy gekom het om te dien, nie gedien te word nie. Ons vergeet ook maklik dat Hyself gesê het dat ons in die wêreld haat en vervolging sou beleef.

En wie sal saam met Christus vir die redding van die tot nog toe ongeredde deel van hierdie wêreld ly? Op wie val die lyding vir die Evangelie vandag anders as op jou en my wat bely dat ons onvoorwaardelik aan Hom verbind is? Gelukkig, nee uiters gelukkig, is hy of sy wat ter wille van Christus en duisende verlorene kan ly.

Gebed: Ek dank God vandag vir die voorreg dat ek saam en namens my Verlosser mag ly.

Kopiereg 2004 Radiokansel.

Besoek ons webblad by [www.radiokansel.co.za](http://www.radiokansel.co.za)

Judas 1:24-25 *Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlijkheid te stel met gejuig, 25. aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlijkheid en majesteit, krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen.*

Groete  
Sakkie

*Indien u hierdie e-pos lees en wel gereelde e-pos van my wil ontvang, stuur asseblief u volle e-pos adres in die "subject box" na [sparsons@absamail.co.za](mailto:sparsons@absamail.co.za) **Moet asseblief nie 'n leë e-pos stuur nie.***

*Aangesien ek blind is en gebruik maak van 'n sagteware program waar die rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit 'n foto of leë e-pos is wat ek ontvang nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.*